



## Ons het God Nodig

Onthou jy nog ons laaste les oor die sonde? Ons het geleer dat ons *almal* sondaars is en almal gestraf behoort te word. God doen wat *reg* is, en sonde *moet* gestraf word.

Maar God *wil* ons nie straf nie. God – de *heilige* God – het ons *lief*, al is ons baie sondig.

Jy onthou mos nog hoe Hy Noag in die ark gespaar het. Dis 'n wonderlike verhaal. God was so goed vir Noag. Maar die wonderlikste verhaal in die wêreld is die verhaal van hoe God vir *ons* gespaar het!

Weet jy wat het God *gedoen* het om ons te spaar? Hy het sy *Seun* gestuur, sy eie Seun, om *in ons plek* gestraf te word. God het Jesus, sy Seun, vir *ons* sondes gestraf, toe Hy vir ons aan die kruis gesterf het. En nou hoef *ons*, as ons in God *glo*, nooit meer gestraf te word vir die sondes wat ons gedoen het nie!

Die Bybel vertel ons hoe Jesus, as 'n klein babatjie, na hierdie aarde gekom het. Hy is in Betlehem gebore, en sy mamma, Maria, het Hom neergelê in 'n krip, in 'n voerbak waaruit die beeste geëet het.

Daar op die heuwels net buite Betlehem, was daar herders wat in die oop veld gebly en in die nag hulle skape opgepas het. Skielik het hulle 'n baie helder lig gesien. Dit was 'n lig uit die hemel, 'n engel wat uit die hemel na hulle gekom het.

Die herders was verskriklik bang, maar die engel sê toe vir hulle om nie bang te wees nie. Hy het gesê, “Moenie vrees, nie, want kyk, ek bring julle *goeie nuus*, dat daar vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die *Saligmaker* wat Christus die Here, is.

Dit was wonderlike nuus! Lank, baie lank gelede het God *belowe* om vir hulle 'n Redder te stuur, en nou het daardie Redder, daardie Saligmaker gekom!

En toe, skielik was daar saam met die engel 'n hele *menigte* van hemelse engele, wat almal saam God geprys en gesing het, “Eer aan God in die hoogste hemele!” Die herders het daar gestaan en kyk en luister na die wonderskone lied. Nog nooit ooit het iemand so 'n engelekoor gehoor sing nie!

Toe die engele weer teruggaan na die hemel, het die herders haastig na Betlehem gegaan. Daar het hulle die babatjie, Jesus, die Saligmaker, gesien. Hulle was so bly en gelukkig en het dit oral rondvertel.

Jesus het omtrent dertig jaar op aarde gelewe. Hy het baie wonderlike dinge gedoen. Hy het siek mense gesond gemaak en blindes weer laat sien. So het Hy oral rondgegaan en baie wondere verrig.

En toe, toe het Hy die *wonderlikste* ding ooit gedoen. Hy het Homself *gegee* om in ons plek, aan 'n kruis te *sterf*. Dit het Hy gedoen om vir al *ons* sondes te betaal. Hy het die straf gedra wat *ons* verdien het.

Hoe goed is God nie vir ons nie! Hoe baie lief het Hy vir ons! Hy het sy Seun, Jesus, gestuur om in ons plek te sterf. En hoe baie het die Here Jesus ons lief! Hy was bereid en gewillig om vir ons na die kruis te gaan en vir ons te sterf.

En nou gee God vir almal wat in Hom glo, die ewige lewe. Ons sal vir altyd en altyd saam met Hom lewe, om Hom lief te hê en Hom te dien, en om gelukkig te wees, altyd gelukkig!

### Gesels hieroor:

1. Hoekom het die engele gesing toe Jesus gebore is?
2. Wat het Jesus vir ons kom doen?
3. Hoe lief het God vir ons?

## **Die Bybel sê:**

*“Die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here.”*

(Romeine 6:23)

## **Wat ons kan lees:**

*Lukas 2:8-20*

## **Hierdie is twee liedere om te sing oor Jesus se geboorte:**

1. *En daar was by Betlehem  
In die stilte van die nag  
Herders in die vrye veld  
By hul skape op die wag,  
Toe 'n engel van omhoog  
Skielik neerdaal voor hul oog.*

*Maar die engel het geroep:  
“Moenie skrik nie, moenie vrees,  
Want ek boodskap vreugde wat  
Vir die hele volk sal wees.”  
“Die Verlosser”, juig sy stem,  
“is gebore in Betlehem.”*

2. *Redder van ons lewe, Jesus, troue Heer,  
Uit liefde vir die mense kom daal U neer.  
Ons kom bring ons dank en wil ons vreugdesange sing.  
Onder mense woon U en wil U vrede bring.  
Loof, loof die Heer!*

Ons harte behoort vol van vreugde en blydschap te wees as ons daaraan dink dat Jesus gekom het om ons Redder te wees.

## **Laat ons God dank vir sy oneindige groot liefde:**

Vader in die hemel, hoe kan ons U ooit genoeg dank vir so 'n groot Geskenk, U Seun, wat U vir ons gegee het. Here Jesus, ons dank U en het U baie lief, omdat U vir ons aan die kruis gesterf het. Help ons asseblief om altyd dankbaar en bly te wees, en om U Naam te prys net soos die engele gedoen het, Amen.

Marian Schoolland

© 2018  
[www.christelikemedia.org](http://www.christelikemedia.org)

*Hierdie hoofstuk uit 'Leading Little Ones to God'  
is deur Marianne Bron vertaal.*